REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGERINGSWERKNEMERSPENSIOENFONDS

1 September 2011

Geagte gewaardeerde pensioentrekker

Vervanging van Lewensversekeringsertifikate met ’n Outomatiese Lewensverifiëringstelsel (‘ALV‘) vanaf 1 Oktober 2011

Die Regeringswerknemerspensioenfonds (‘GEPF’) se Raad van Trustees het die vervanging van die ongeoutomatiseerde uitreiking van Lewensversekeringsertifikate aan pensioentrekkers wat in Suid-Afrika woon met ’n outomatiese opdatering van die lewenstatus met ingang 1 Oktober 2011 onderskryf. Dit is in lyn met die GEPF se missie om die tydige en doeltreffende lewering van voordele te verseker.

Die nuwe stelsel sal as die Outomatiese Lewensverifiëringstelsel bekend staan en sal die pensioentrekker se lewenstatus in samewerking met die Suid-Afrikaanse Departement van Binnelandse Sake (‘DHA’) bekragtig. Pensioentrekkers wat oor ’n geldige Suid-Afrikaanse identiteitsdokument beskik en ook op ’n voltydse basis binne die landsgrense van Suid-Afrika woonagtig is, sal nie meer ’n Lewensversekeringsertifikaat van die GEPF ontvang nie. Dit beteken dat hierdie pensioentrekkers nie meer die Kommissaris van Ede persoonlik sal hoef te besoek om hul lewenstatus te bevestig om steeds hul maandelikse annuïteit te ontvang nie.

Pensioentrekkers wat buite die landsgrense van Suid-Afrika woon asook diegene wie se status nie deur die Departement van Binnelandse Sake verifieer kan word nie, sal die nuwe geskrewe Lewensverifiëringsvorm ontvang wat steeds voltooi moet word en by ’n Kommissaris van Ede sertifiseer moet word soos wat dit die geval is met die huidige Lewensversekeringsertifikaatproses. Alle pensioentrekkers/annuïtante wat die nuwe Lewensverifiëringsvorm ontvang, sal slegs een per jaar ontvang, ongeag die aantal voordele wat hulle ontvang.

Alle Lewensversekeringsertifikate wat voor 1 Oktober 2011 (voor die bekendstelling van die nuwe ALV-stelsel) uitgereik en deur pensioentrekkers ontvang word, moet steeds voor die datum wat op elke Lewensversekeringsertifikaat spesifiseer word, aan die GEPF teruggestuur word vir aktivering en voortsetting van annuïteitsbetalings. Versuim om dit te doen mag daartoe

lei dat annuïteitsbetalings opgeskort word.

Vir enige navrae, skakel gerus die GEPF se tolvrye Inbelsentrum by 0800 117 669 of besoek u naaste GEPF-kantoor.

Vriendelik die uwe,

Phineas Tjie
Hoof Uitvoerende Beampte
Staatspensioenadministrasie-agente (‘GPAA’)
(Pensioenadministreurders namens die GEPF)